WEN 'N TANUR-HALSSNOER TER WAARDE VAN R35 000+

# rooi rose

FEBRUARIE 2023

STYLVOL, SINVOL, PROPVOL



## BRÜMILDA VAN RENSBURG
DIE SA LEGENDE WAARVAN ALMAL HOU

**TIENERS & SOSIALE MEDIA**
*Wat doen jy as dit haar afbreek?*

*Huisdinge*
- *'PLANT' 'N LUGPLANT*
- *MAAK SOETGOED VIR JOU VALENTYN*
- *HEKEL 'N MAT*

'HELP, EK WIL NIE MEER HAAR VRIENDIN WEES NIE!'

**KINDERONDERHOUD**
*Dié inisiatief maak deure oop*

AS JY AAN DIE LIEFDE VERSLAAF IS

**TALENTVOLLE MA EN SEUN**
*Skrywer Wilna Adriaanse en akteur Beer Adriaanse gesels*


**MRS GLOBE SA**
*'DIÉ GROOT VERLIESE HET MY NET STERKER GEMAAK'*

# *Melinda Bam*
SE NUWE SEISOEN

R54,90
BTW INGESLUIT

GEDRUK IN SUID-AFRIKA

Scanned with CamScanner



BO EN ONDER: Jy kan in die veld saam met 'n gids gaan stap, 'n rotsuitstappie onderneem of op een van die twee wildritte daagliks gaan. 'n Olifant kom drink water by die ekovriendelike swembad.


"Dis ideaal vir groter gesinne of groepe vriende. Daar kan ses mense in luuksheid slaap, maar tien kan saam eet. Die hele lodge is selfvoorsienend – jou wegbreek in die bos hoef dus nie net weg van selfone en stadsgeraas te wees nie, maar ook van beurtkrag.

Mhondoro het wêreldwyd Insta-roem ontvang (#poolellie) danksy sosiale-media-plasings van gaste wat swem terwyl wilde olifante by die ekovriendelike swembad vir 'n slukkie van die skoon, sout water inloer.

Die sjef wat elke maaltyd in 'n feesmaal omskep, is Zenobia Martins. My hart word sommer warm aan die gedagte van haar kreatiwiteit en ongelooflike talent met kos. Die vars bestanddele kom uit die lodge se eie kruie- en groentetuin, en Zenobia beplan haar maaltye om dit wat daardie oggend vars gepluk is.

Ons dae wentel om heerlike kos en Kaapse wyn wat met sorg deur die bestuurders, Fritz en Ronel Breytenbach, uitgesoek word.

Saans brand die gasvuurtjie in ons kamer as ons effens koud en stywebeen van die wildkykvoertuig afklim. En ai, dis darem maar lekker as iemand anders jou blindings toetrek, jou muskietnet losmaak en jou bed oopmaak. Die Rain-produkte in die reusestort laat jou ekstra spesiaal voel. Soggens gaan die wekker om sesuur af vir wildritte of natuurstaptogte saam met Dwayne. Dis mistig as ons koffie op die dek drink. Die veld is bedeesd, sonder die gewone voëlkore en -malligheid.



Elke oggend val ons met ons waterbottels uit vlekvrye staal (wat ons name op het en met yswater gevul is) in die pad. Die dag is vol opwinding met kameelperde wat geruisloos oor die pad stap en met die bos saamsmelt, koedoes, elande en bosbokke wat rustig aan blaartjies of grassies kou en olifante wat onverwags in die ooptes verskyn. Dwayne vertel 'n olifant verteer net 40% van wat hulle eet.

Ons sien bruinhiënaspore en Dwayne vertel hulle is enkellopers.

Ons soek leeuspore in die stofpad en is

## Kitsfeite

- Jy kan in die veld saam met 'n gids gaan stap, 'n rotskunsuitstappie onderneem, of op een van die twee wildritte daagliks gaan. Gidse pas by die gaste se behoeftes aan. As jy in voëls, bome of gras belangstel, deel hulle ook meer inligting daaroor. Een aand tydens jou besoek, is sterrekyk met 'n reuseteleskoop op die program en nog 'n aand 'n boma-ete by vure met pragtige sang deur die personeel.
- Mhondoro stel ook vanjaar 'n nuwe produk bekend: Eksklusiewe "overland camping safaris" na Botswana in pasgemaakte safarivoertuie kompleet met 'n gids en/of bestuurder, sjef en kamptoesighouer. Dié wildemiskampsafari's is op die meer avontuurlustige reisiger gemik, kan tussen ses en 14 gaste ontvang en vind van Mei tot September plaas. Verblyf sal in gerieflike safaritente met basiese ablusiegeriewe verskaf word en heilsame kookkuns sal oor kampvure voorberei word. Reisroetes vind oor spesifieke datums plaas en sal in Maun begin, wat vir 11 nagte duur, met hoogtepunte wat die Moremi-reservaat, Okavango-delta, Kubu-eiland en die Makgadikgadi-soutpanne insluit. 'n Opsie van 15 nagte is ook beskikbaar, en dit sluit die Victoria-waterval in Zambië in. Benewens uitstekende wildbesigtiging regdeur die reis, wissel aktiwiteite wat in die roetes ingesluit is van 'n vlug oor die Okavango-delta, 'n bootsafari en mokoro-uitstappies, tot 'n oornag-vierwielmotorfietsuitstappie op die soutpanne waar die plaaslike meerkatgesin besoek word. *www.skywaytrails.com*

FOTO'S: VERSKAF



Scanned with CamScanner